

MCPP, MLPP, MRPP
Pre-Primêr Pre-Primary



GELUKKIGE KLEUTERS GERAT VIR MÔRE!
HAPPY TODDLERS GEARED FOR TOMORROW!

MIDSTREAM PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDLANDS PRE-PRIMÊRE SKOOL
MIDSTREAM RIDGE PRE-PRIMÊRE SKOOL

GODSDIENSBELEID

Opgestel: Anke de Wet

Regsbystand: De Wet Oosthuizen Ingelyf



GODSDIENSBELEID

1. BASIESE UITGANGSPUNTE

Die skool erken die menswaardigheid en uniekheid van elke leerder. Die skool is verbind tot waardes van gelykheid, respek en medemenslikheid, en wil 'n veilige omgewing skep waarin leerders hul volle potensiaal kan ontwikkel. Vir vele ouers is hul uitlewing van dié waardes en doelstellings onlosmaaklik met hul Christelike geloof en waardestelsel verbonde. Die Christelike geloof deel hierdie waardes ook met talle ander gelowe en lewens- en wêreldbeskouings.

Die skool is 'n Christelike instelling en streef daarna om te voldoen aan die norme en waardes wat deur die Bybel as die Woord van God weerspieël word. Die morele ontwikkeling van die leerders sal ook op hierdie waardes en standarde gebaseer word. Alle onderrig, leer en skoolbestuur sal op die positiewe waardes gebaseer word wat in die Bybel gekry word.

2. GODSDIENSBEOEFENING

2.1. Godsdienstbeoefening by die skool is volkome vrywillig.

2.2. Godsdienstbeoefening kan die volgende insluit:

- 2.2.1. Die onderrig van godsdienst aan die begin van elke dag;
- 2.2.2. Die opening van die skool d.m.v. Skriflesing en gebed.
- 2.2.3. Die sing van gewyde liederes;
- 2.2.4. Leerders wat bid;
- 2.2.5. Die afsluiting van die skool se aktiwiteite d.m.v. Skriflesing en gebed;
- 2.2.6. Die opening van buitekurrikulêre byeenkomste met Skriflesing en gebed;
- 2.2.7. Die nooi van Christelike Godsdienstleiers om binne skoolverband die leerders toe te spreek oor godsdienstige aangeleenthede;

2.3. Godsdienstbeoefening kan as volg by die skool geskied:

- 2.3.1. tydens normale skoolure in die vorm van byeenkomste of in klasverband;
- 2.3.2. tydens publieke geleenthede waar daar vir die doel van godsdienstbeoefening van die skool se fasiliteite gebruik gemaak word; of
- 2.3.3. geleenthede tydens pouses en ander "breektye" in die Skool.

2.4. Opvoeders van die Skool sal sensitief wees daarvoor dat daar nie op enige wyse onbehoorlike groepsdruk of etikettering sal wees wat leerders van ander geloofsoortuigings subtiel sal beïnvloed om aan die aktiwiteite deel te neem nie.

3. GODSDIENSTIGE ONDERRIG

3.1. Godsdienstige onderrig vorm deel van die kurrikulum en dagprogram, en geleenthede word geskep vir godsdienstige observasies in die vorm van opening van die skool, uitgenooide sprekers en besprekingsgroepe.

3.2. Opvoeders van die Skool sal hulself vergewis van die samestelling van 'n klas in terme van geloofsagtergrond met verwysing na die inligting voltooi op die toelatingsvorm en sal dienooreenkomstig met respek teenoor alle leerders in hul klas optree. By implikasie mag dit van opvoeders vereis word om 'n basiese kennis op te bou van geloofsoortuigings anders as hul eie.

4. NAVRAE OF KLAGTES

- 4.1. Die direkteure, bedryfsbestuurder, skoolhoofde en skoolpersoneel is daartoe verbind om die skool se belange ten alle tye te bevorder en poog om die ontwikkeling van die skool te verseker deur gehalte onderrig aan alle leerders in die skool te verskaf. Hierdie verbintenis geld ook ten opsigte van die organisering van alle skoolaktiwiteite. Ouers word versoek om die skool in hierdie strewte te ondersteun.
- 4.2. Ouers word aangemoedig om enige navrae, klagtes of probleme ten opsigte van die skool en of skoolaktiwiteite as volg met die skool op te neem:
 - 4.2.1. eerstens met die klasonderwyser van die leerder; en
 - 4.2.2. indien die ouer nie tevrede is met die klasonderwyser se terugvoer nie of indien die probleem nie deur die klasonderwyser aangespreek kan word nie, moet die ouer die klagte of navraag op skrif met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure opneem, waarna die skoolhoof die nodige ondersoek op 'n geleë tyd sal behartig en die ouer/s sal kontak met terugvoer.
- 4.3. Ouers kan dringende aangeleenthede met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure bespreek deur vooraf 'n afspraak te skeduleer op 'n tydstip wat albei partye pas.
- 4.4. Ouers word versoek om navrae, klagtes en/of probleme met die Skool te bespreek en nie met ander ouers of die media nie.
- 4.5. Ouers word versoek om nie in die teenwoordigheid van leerders krities of negatief teenoor die personeel van die skool te reageer nie, maar om enige probleme met personeel eerder met die skoolhoof, bedryfsbestuurder of Direkteure op te neem.
- 4.6. Ouers word verder versoek om nie die gesag van opvoeders in die teenwoordigheid van leerders te ondermyn nie.
- 4.7. Klagtes en/of probleme sal slegs aangehoor word indien dit oor die spesifieke ouers se eie kind/kinders aangaan. Geen ouer sal toegelaat word om namens 'n ander ouer klagtes en/of probleme met die skool op te neem nie.

GODSDIENSBELEID

5. HERSIENING

Hierdie beleid sal van tyd tot tyd op deurlopende basis hersien en verder ontwikkel word, soos nodig geag deur die Skoolhoof, die Bedryfsbestuurder en/of Direksie van die Skool.

Redakteur en Bydraer	Kommentaar	Datum
De Wet Oosthuizen Incorporated Legal Professionals	Beleidskepping	November 2019
Operations Manager: E de Witt	Inhoud hersiening en opdatering	23 Februarie 2024

AANVAAR DEUR DIE DIREKSIE OP

23/2/2024


 SKOOLHOOF


 BEDRYFSBESTUURDER

 DIREKTEURE